# Tendense in teologiese opleiding: Die pad vorentoe

J P Oberholzer
Universiteit van Pretoria

Abstract
Trends in theological education: The road ahead

From the viewpoint of 'theology in the church for the church', theology is typified as academic, ecclesiastical, universal, contextual and hermeneutical. Attention is drawn to the contemporary definition of a university, and to its emphasis on excellence and rationalisation, the demand both for theological freedom in the church and a curriculum projected towards man in the presence of God, on ecumenism as a disposition of faith, the existential insecurity of man and the demand for theological relevance as well as eschatological expectation, theology as a complete discipline and the interpretation of message and context as a unitary act. Finally, some contemporary issues are indicated.

## 1. INLEIDING

Dit kan moeilik anders as dat hierdie artikel sal uitgaan van die vertrekpunt 'teologie in die kerk vir die kerk'. Daarin word die eie aard van die teologie as wetenskap immers aangedui: Teologie is 'n menslike bedryf wat net tuis kan wees binne die ruimte van dié mensegemeenskap vir wie hy die eksistensiële lewensvraag stel en hanteer. Tegelyk gebruik teologie 'n kennisapparaat waarvan die belangrikste en diepste dimensies nie empiries nie, maar belydenismatig ontvang. Daar-

* Voordrag gelewer tydens die kongres van 18 en 19 Junie 1992 in die Senaatsaal, Universiteit van Pretoria met die tema 'Kerklik-teologiese opleiding aan die Universiteit', ter herdenking van die vyf en sewentigste bestaansjaar van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria.

mee is egter terselfdertyd 'n aantal basiese kenmerke aan die orde gestel en dit is nodig dat enkeles meteen aangewys word:

- As menslike bedryf wat op die kennisveld opereer, hoort teologie in die seminaarkamers en gehoorsale van die akademiese wetenskap en moet hy daar deel uitmaak van die universum van wetenskappe wat onderling verweef is en wedersyds kommunikeer. Dit impliseer 'n posisie van gelyke status en volle aanspreeklikheid.
- As menslike bedryf wat vir 'n bepaalde gemeenskap, die kerk, die volle wydte en diepte en hoogte van sy eksistensie en roeping moet formuleer, en wat dit moet doen vanuit die gegewenes van openbaring en belydenis, is die teologie part en deel van die kerklike bestaan. Dit beteken dat die teologie nie van buite die kerk kan opereer nie, en dat hy slegs in gehoorsaamheid voorskrywend kan wees. Teologie in die akademie beteken dus ook kerk in die akademie.
- 'Kerk' kan in hierdie verband alleen gedefinieer word vanuit die universele. Teologie in die kerk vir die kerk moet dan noodwendig die universele aanspraak en gerigtheid van die openbaring van God vertoon: Die een Woord van die een God vir die een kerk. Die teologie vra dus oorwinning oor die grense van partikularisme. Elke verbesondering van teologiese spreke tot een spesifieke kerk tussen die kerke, of een spesifieke streek van die aardoppervlakte, of een besondere kultuur, beteken 'n vertekening van die aard en wese van die teologie.
- Daaruit moet egter nie afgelei word dat die teologie konteksvreemd kan opereer nie. Kerk is 'n mensegemeenskap, en mense lewe en werk in spesifieke situasies, ontvang en interpreteer binne spesifieke kulture, kommunikeer in spesifieke tale met spesifieke begripsapparate. Dit vra van die teologie relevansie in struktuur en boodskap, egter met behoud van die universele waarheid van die openbaring. *Sola Scriptura* bly *sola Scriptura*, ook in Afrika. *Sola gratia* geld voluit in elke situasie.
- Die hermeneutiese werksaamheid van die teologie het te doen met boodskap sowel as ontvangs van die boodskap. Die konteks waarin die kerk leef, of meer spesifiek gesê, die kontekste van die lidmate van die kerk, vra na interpretasie ter wille van relevansie. Die interpretasie van die lewenskonteks, die *socium* waarin die teologie met sy universele aanspraak wil opereer, is deel van die hermeneutiek van die Woord wat sy betekenis histories saambring maar tegelyk in elke tyd en situasie ontvang.

## 2. TYDGENOOTLIKE VERSKYNSELS

Met hierdie probleme in gedagte, naamlik dié van die tuiste van die teologie in die akademiese bedryf, sy wesenlike tuiste in die kerklike eksistensie, sy universele aard en aanspraak, sy kontekstualiteit en sy hermeneutiese taak, word die aandag nou kortliks gevestig op 'n paar tydgenootlike verskynsels wat van belang mag wees vir die onderwerp.

### 2.1 Die funksies van universiteite

Die akademiese werksaamheid in ons land word oor die algemeen verbind aan die doseer- en navorsingsfunksies wat gewoonlik met universiteite in verband gebring word (NASOP 1987:7). Dit hoef egter nie uitsluitlik so te wees nie. Kolleges, kweekskole of seminaries en dergelike institute kan ook as akademiese inrigtings beskou word (Marty 1984:216). Belangrik in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) is egter dat die toekenning van grade wat in die internasionale akademiese wêreld erken kan word, vir universiteite deur wetgewing gereserveer is en dat universiteite onderworpe is aan 'n breë nasionale onderwysbeleid wat die funksies van universiteite soos volg formuleer (NASOP 1987:10):

- inskerping van die fundamentele beginsels van wetenskaplike denke en werkwyse met die oog op intellektuele ontwikkeling en hoëvlak beroepsvoorbereiding;
- hoëvlak basiese navorsing en toegepaste navorsing met die oog op die generering van nuwe kennis en 'n verkenningsgees vir bevordering van die waarheid;
- gemeenskapsdiens waarin die unieke hulpbronne en vermoëns van universiteite tot die beskikking van die publiek gestel word.

Hierdie beleid het die neiging bevestig wat veral sedert die tweede wêreldoorlog op die voorgrond gekom het, naamlik dat universiteite moet beantwoord aan die eise van die gemeenskap ten opsigte van beroepsgerigte opleiding en deskundige diens, dit veral ook vanweë die hoë koste verbonde aan die instandhouding van universiteite (NASOP 1987:3; Lübbe 1988:133vv; Habermas 1988:165v). Die nasionale opvoedingsbeleid impliseer bowendien 'n owerheidsbesorgdheid oor die akademiese standaarde sowel as die effektiewe benutting van mannekrag en middele. Die teologie en teologiese opleiding aan die universiteit word dus gekonfronteer met die eise van uitnemendheid en rasionalisasie tegelyk. Wat nou nog nie verdiskonteer kan word nie, maar in elk geval as dreigende moontlikhede in gedagte gehou moet word, is verstellings aan die tersiêre onderwysstruktuur in 'n 'nuwe Suid-Afrika'. Sake wat aan die orde kan kom, is die verlaging van standaarde ter wille van 'agtergeblewenes', 'regstellende' aksies ten opsigte van personeel- en studente-

samestelling en dan ook die vraag oor die teenwoordigheid van die kerklike teologie aan universiteite al dan nie, dit wil sê suiwer politieke insette waaroor nóg die akademie nóg die kerk 'n sê sal hê. Die huidige situasie van kerklike teologiese fakulteite is deur Rautenbach (1975) as 'n kultuurprestasie beskryf, en inderdaad is daarmee 'n struktuur geskep wat die Afrikaanse Reformatoriese teologie hier te lande ryklik ten goede gekom het en in 'n groot mate bewaar het van insulariteit en stagnasie. Die enigste vergelykbare alternatief sou kon wees teologiese fakulteite los van universiteite maar met graadtoekenningsbevoegdheid soos in Zaïre. In so 'n geval sou die fakulteit saam met die kerk 'n eie streng standaarde-evaluasie moet handhaaf.

### 2.2 Die akademie in die kerk

Die kwaliteit van die teologie as wesenlike bestanddeel van die kerk-wees van die kerk, hang saam met die ruimte en vryheid wat aan die teologie gegun word om intellektueel uitnemend te wees binne universele konteks. Die tendense van burgerlike teologie wat in Suid-Afrika veral op twee vlakke akuut geword het, naamlik op die vlak van die ekumeniese aanslag en die vlak van die selfhandhawingsdenke van die Afrikaner, het welig gegroei in die grond van teologiese dilettantisme en politieke oorwoekering. Die teologie kan sy funksie van omskrywing van die kerk en sy taak net volvoer as hy inderdaad so aanvaar word en homself bly toets in die universele forum van die teologiese gesprek. Trouens, hoeveel aksente en nuanses daar ook in (legitieme) teologiese taal mag voorkom, dié gesprek gaan uit van één openbaring van één God aan één kerk. Die teenwoordigheid van die teologie as gedissiplineerde intellektuele arbeid in die kerk beteken in feite dat die akademie in die kerk werksaam is, sodat elke faset van die kerk se werksaamheid teologies begelei en steeds weer getoets word. Dit impliseer dat kerk en teologie dieselfde kurrikulum sal hê, gebou op die profiel van die mens voor God, die mens wat saam met ander mense die kerk van Jesus Christus uitmaak en as sodanig 'n gestuurde is na al die nasies toe. Teologiese opleiding stel hom dus in op die produk van verkondiging en evangelisasie, pastoraat en kategese, barmhartigheid en begeleiding. Hy vra nie in die laaste instansie na die aard en samestelling van die mens wat gaan preek nie, maar na die mens wat deur die prediking mens voor God word.

### 2.3 Universele teologie

Die universele karakter van die kerk is nie in die eerste plek 'n saak van strukture 'oor grense heen' nie, maar wel van geloof en geloofshouding. Die ware ekumene bestaan in die hom-een-weet van die lidmaat van die kerk in sy spesifieke aard en konteks met die gelowiges oor die wye wêreld, en dan nie vaag-algemeen nie, maar

intens-persoonlik. Dit kan die lidmaat alleen van binne 'n kerkgemeenskap met openheid na buite, met 'n bewustheid dat grense in die wêreld nie mure is wat skei nie, maar moontlikhede bied tot eksistensie binne lewens- en kultuurverbande wat deel kan wees van groter verbande sonder om self te verdwyn. Dan het geloofsgemeenskap prioriteit bo familie- of kultuurgemeenskap sonder dat familie of kultuur verloën word. Die 'een kerk' bestaan in die belydenis van sy lede en is daarom volle werklikheid – die werklikhede van die empiriese wêreld bly egter daar.

Wanneer ons dus wil beweeg in die rigting van nouer ekumeniese verband in kerk en teologie, aanvaar ons nie die ekumeniese beweging en sy uitgangspunte as legitiem kerklik sonder meer nie. Daardie beweging is immers so belas met ideologiese en politieke ballas dat hy sy bruikbaarheid verloor het (Bosch 1992:18 v). Ten spyte van die ekumeniese beweging egter, bly die ekumeniese taak van kerk en teologie staan en is dit 'n prioriteit vir die onmiddellike toekoms. Hierdie taak begin in die persoonlike instelling van dosent en predikant, in die selfondersoek en inkeer van die kerk – dit gaan om 'n geloofshouding. Teologie behou sy waarheid alleen as universele teologie.

### 2.4 Relevansie en kontekstualitieit

Die relevansie en kontekstualiteit van die teologie lê in sy wesensaard. Die ontwikkelinge van die afgelope dekades het meegebring dat enige geesteswetenskap, maar veral die teologie, in die leegte in kan kommunikeer. Lübbe (1988:116vv) het gewys op die verwetenskapliking van die samelewing wat diepgaande uitwerking gehad het op die gebied van ons ervaring en ons verhouding tot die tyd. Wat ervaring betref, het die fisiese en sosiale faktore waarvan ons eksistensie afhanklik is, so wyd geword dat die meeste daarvan buite die ervaringsveld lê. Ons moet dus noodgedwonge vertrou op die insigte en prestasie van ander, sonder dat ons dit op grond van eie ervaring kan kontroleer. Net so krimp die hede in 'n dinamiese samelewing, dit wil sê die jare wat ons die strukture van ons lewenswêreld as konstant kan aanvaar, word al minder. Wat die toekoms betref, eis dit prognose en beplanning; wat die verlede betref, verskerp dit die historiese bewussyn waarin kompensasie gesoek word vir die vertrouensverlies van die hede. Daarmee gaan gepaard die behoud van 'n religieuse werklikheidsoriëntering gekoppel aan 'n verouderde wêreldbeeld. Hierdie eerste-wêreldse diagnose dui op 'n mens wat hom bedreig kan voel deur sy samelewing, of minstens hom in 'n situasie van onmag of illusie kan bevind (Marty 1984:207v). Derde-wêrelds vergroot dié onsekerheid veelvoudig: Chaotiese verstedeliking, politieke utopisme, sosiale en persoonlike ontwrigting, grootskaalse armoede en hongersnood, intimidasie en korrupsie en veel meer speel mee in die skepping van situasies wat aan teologiese

relevansie haas onmoontlike eise stel. Die eise staan egter daar: Die eksistensiële nood van die mens waarbinne hy moet verneem van 'n dieper nood en van 'n bevryding wat hom in die regte verhouding tot God stel, dalk sonder om iets aan sy fisiese situasie te verander.

Nóg relevansie nóg kontekstualiteit kan die kerk en die teologie sy eskatologiese dimensie laat inboet vir 'n suiwer *diesseitige* uitsig. Dit is waar dat die *eskatos* nie net *jenseitig* verstaan kan word nie en dat die roeping van die kerk die barmhartigheid insluit wat in sekere omstandighede verdeling van rykdom en meer as dit kan insluit, maar dit doen nie af daaraan dat die hoop van die kerk, en daarom ook die hoop wat hy aan die wêreld kan voorhou, by die dood verby reik nie. 'n Kerk sonder ewigheidsverwagting het aan 'n wêreld in nood niks te bied nie as net die brood wat die ewige honger laat bly.

Inheemswording van kerk en teologie beteken dan ook nie versoening tussen die Bybelse openbaring en enige ander godskennis nie. Die geluide oor 'n Afrika-teologie wat juis dit op die oog het, is hoogs verontrustend. Selfs die gedagte dat die teologie sy tradisionele Westerse gewaad moet uittrek en die begripsapparaat van die Afrika-mense moet gebruik (Pobee 1989:4; Exchange 1985:5, 8) is nie sonder meer te aanvaar nie, in elk geval nie as dit bedoel is om ook die Bybelteks te raak nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die Westerse beskawing in 'n groot mate op die Christelike geloof en op die vroeë interpretasie van die Bybel gegrond is. Die animisme darenteen wat so 'n groot deel van tradisionele Afrika-denke uitmaak, word in die Nuwe Testament radikaal afgebreek. Die boodskap van die openbaring van die Een God en Vader van Jesus Christus werk daarom ook steeds ontmitologiserend. Nadat dit gesê is, moet aan die ander kant erken word dat die kerk nie dikwels daarin slaag om die essensie van die Bybelse boodskap oor te dra sonder dat daarmee saam 'n hele vrag nie-essensiële kultuurgoed saam aangebied word as Christelik en onontbeerlik nie. Prinsipieel lyk dit nie of teologie sonder deeglike kennis van die Bybelse grondtale bedryf kan word nie (Strickland 1989). Teologiese opleiding daarsonder kan nooit meer wees as noodhulp met die oog op die onmiddellikste bedieningsbehoeftes nie. Ware inheemswording en volle kontekstualisering moet steeds daar begin waar die inheemse gelowige self gevorm word deur die Bybel en waar die Bybelteks in kommunikasie kom met die inheemse konteks. Juis op hierdie punt kom ook die universele aard van die teologie dringend op die agenda, as die voortdurende evaluasie en korreksie van die inheemsgeworde teologie. Dit lyk of die hermeneutiese grens iewers getrek moet word. Politieke eksegese van profetiese tekste en verklaring van Genesis-tekste met behulp van die dieptepsigologie is al aangewys as 'nuwe' metodes wat onder 'n

vraagteken staan (Burgsmüller 1976:84v). Daarby kan seker gevoeg word die lang reeds gevestigde praktyk om die Eksodusverhaal as model vir sosio-politieke bevryding te gebruik, of die Bergrede as program vir 'n nuwe wêreldorde sonder eskatologiese dimensie.

**2.5 Teologie as totaalwetenskap**

Die hermeneutiese taak van die teologie is grondliggend wanneer oor kontekstualiteit gepraat word, nie alleen ten opsigte van die moontlikhede en grense van die ontvangs van die Bybelboodskap nie, maar ook ten opsigte van die situasie waarbinne kontekstualisering plaasvind. Die lewendige gesprek oor die eksegetiese metodiek van die laaste dekade of twee het belangrike nuwe insigte gebring, hoofsaaklik vanuit die konsep van die Woord as kommunikasiegebeure. Die teolo-gie is hier egter nie alleen op die toneel nie; hy verrig sy hermeneutiese taak in gesprek met en korrigerend op die naïewe lees van die Bybel vanuit 'n bepaalde interpretasiemodel, gevorm deur kerklike praktyk of minstens deur 'n konsep van die Bybel as botydelike, eteriese waarheid; of in gesprek met 'n gesofistikeerde kritiek wat die openbaring kategories verwerp; of in gesprek met onbeskaamde misbruik van die Bybel in diens van ekstern gevormde strukture, polities, sosiologies of religieus.

Dit lyk of die mees toepaslike hermeneutiese uitgangspunt dié is wat die teologie toelaat om eksegeties te arbei met 'n Bybel wat voluit mensewoord is en tegelyk hermeneuties vas te hou aan die belydenis dat die Bybel voluit Godswoord is. Hier kom dan al die teologiese dissiplines in die spel, Bybels, sistematies, histories, en een van die dringendste take is om hierdie onderskeie dissiplines in nouer verband met mekaar te bring. Die teologie as totaalwetenskap word nie gedien deur spesialiste elk in 'n eie vakgebied wat nie volledig kennis neem van mekaar se arbeid en resultate nie, veral nie wanneer die Bybelwetenskappe die fundamentele arbeid moet verrig waarop die sistematiese teologie moet bou en waaraan die historiese dissiplines hulle moet bly oriënteer nie.

Oorskouing van teologiese leerplanne laat die vraag ontstaan of 'n grondige hersiening nie nodig is nie. Die vraag of die teologie hom metodies as 'n wetenskap kan bewys of dit moet doen, laat ek daar. Die antwoord op so 'n vraag lê bowendien in die keuse van 'n wetenskapsbegrip (Ritschl 1981; Philipse 1984; Stavenga 1989; Schulze 1990; Meuleman 1991). Die vertrekpunt van hierdie artikel is aan die begin reeds gestel: Teologie is eerstens 'n intellektuele handeling wat aan streng dissipline onderworpe is en wat in staat is om verslag te doen van sy arbeid en resultate. Dat die teologiese wetenskap in sy totaliteit met 'n verskeidenheid van vakmetodieke arbei, hoef nie bewys te word nie. Dit spreek vanself dat die taal- en

literatuurwetenskap, die sosiologie en geskiedenis, die filosofie en sielkunde in die eksegetiese proses aan die orde kom, en as dit vanselfsprekend is, is die aanwending van empiriese metodes in die ander teologiese dissiplines ewe vanselfsprekend (Sauter 1970:34v; 1976:25; Ströhm 1976:71vv). 'n Eie metode is egter nodig wanneer die teologie hermeneuties wil opereer, dit wil sê wanneer hy kontekstueel-relevant wil wees. Alles hang hier af van sy vertrekpunt: Die Bybel as gekwalifiseerde voorskrif, of God soos Hy Hom geopenbaar het, met die Bybel as enigste getuie van die openbaring. Kru gestel: Wet of Evangelie. Interpretasie van die Bybel en interpretasie van die situasie waarin die Woord ontvang en aktief moet word, is 'n eenheid, bloot al omdat die waarheid sy tyd en sy plek het.

## 3. 'N TOEKOMSBLIK

Met dié algemene opmerkings in gedagte, word nou oorgegaan tot die meer spesifieke doel van die artikel. Oor 'n werklike toekomsblik kan moeilik 'n opinie gewaag word. Die teologiese opleiding hang so nou saam met die missie wat die kerk vir homself stel en het in die Suid-Afrikaanse Reformatoriese tradisie so 'n vaste patroon aangeneem dat ingrypende verandering seker nie te voorsien is nie. Tog is daar in die totale Suid-Afrikaanse konteks so 'n verskeidenheid van kerke, teologieë en teologiese opleidings aanwesig dat die groeiende gemeenskaplikheid waarvan daar nou sprake is, sekerlik uitwerking sal hê.

In die eerste plek is dit opmerklik dat die Engelssprekende kerke 'n voorliefde toon vir seminaries los van universiteite, dat die charismatiese kerke eweneens liefs eie inrigtings vestig met sterk aansluiting by moederinrigtings in die VSA, dat die *evangelicals* baie aktief word en dat opleiding vir swart Reformatoriese kerke dikwels volle duplikate van dergelike blanke opleidingsentra is. Van buite beskou, is rasionalisasie hoogs nodig, en dit is te voorsien dat iets in dié verband sal gebeur. Interpretasie van wit en swart opleidingsentra is voor die hand liggend binne dieselfde teologiese klimaat. Tog sal die noodsaaklikheid van kontekstuele teologie en teologiese opleiding hom hier nog laat geld en sal kulturele afstand nie sonder meer genegeer kan word nie. Struktureel sal moontlike veranderinge in die nasionale onderwysbeleid dalk ook 'n rol speel, naamlik ten opsigte van ruimte in universitêre opset vir teologiese opleiding en fondsvoorsiening daarvoor. Dit lyk waarskynlik dat kerke self volledig sal moet instaan vir die finansiële onderhoud van teologiese fakulteite wat kerkgebonde is. Vir die doel van hierdie artikel word in wat volg spesifiek aandag gegee aan teologiese opleiding binne akademiese (universitêre) verband.

3.1 Die profiel van die predikant

Teologiese opleiding met die oog op kerklike bediening beweeg op drie vlakke, naamlik die kognitiewe, emotiewe en vaardigheidsvlakke. Rossouw (1990:63-64) onderskei die drie vlakke intellektuele vorming, institusionele voorbereiding en professionele opleiding. 'n Konsultasie in die Evangelische Kirche Deutschland (EKD) in Würzburg, November 1989, onderskei die basiese beroepsvaardighede in 'n teologiese kompetensie, 'n missionariese kompetensie en 'n kybernetiese kompetensie (Daiber 1991:265). Vir opleiding in die teologie wat nie bediening op die oog het nie, sou die kognitiewe alleen voldoende kon wees, teoreties gesproke. Die vertrekpunt teologie in die kerk vir die kerk, maak dit egter onmoontlik om aan teologie te dink buite die kerk om.

Ek sou aan die persoon wat teologies opgelei is, soos volg kon dink.

* Hy is intellektueel en krities opgeskerp en gevorm op die gebied van die totale teologiese ensiklopedie en as sodanig in staat om selfstandig die Bybel in die grondtale te lees en te interpreteer; die leer van die kerk, die teologiese denke van die verlede en hede en die verskynsel van die godsdiens sistematies vanuit die Bybel te deurvors; die gang van die kerk deur die eeue, plaaslik sowel as ekumenies, krities te volg; en die kerklike praktyk te verklaar en te begelei vanuit die Bybelse, die sistematiese en historiese oorspronge.
* Hy is 'n gelowige lid van die kerk met 'n lewenshouding en etiek wat by die geloof pas, vervul met herderlike bewoënheid oor alle mense, bereid tot diens met volle oorgawe. Hy is tegelyk 'n gebalanseerde, nugter mens wat lewensvolheid geniet onder alle omstandighede.
* Hy is toegerus vir die bediening met die vaardighede van kommunikasie – redevoering, proklamasie, gesprek – en van begeleiding in elke lewenssituasie.

Kurrikulering met die oog op hierdie totaalprofiel stuit gewoonlik op die emotiewe aspek. Die student in die teologie is grotendeels reeds gevorm in gesins- en gemeenteverband en het in 'n beskermende omgewing verkeer waarin persoonlike wanbalans nie maklik sigbaar is nie. Ook die studietyd verloop gewoonlik in beskutte omstandighede en dit is pas die felle lig van die hedendaagse bedieningsituasie wat persoonlikheidsgebreke aan die lig bring. In die fakulteit is in hierdie opsig die heersende geestesklimaat en die persoonlike verhouding tussen dosente en studente van groot belang, mits natuurlik die aard van die dosent sodanig is dat dit vir 'n student geestelik opbouend kan wees om met hom te doen te hê. Hierdie aspek van die opleiding vereis dringende en volgehoue aandag, al is dit so dat die verleentheid waarskynlik nooit heeltemal weggeneem sal kan word nie.

Hoewel vaardigheidskurrikulering goed hanteerbaar is, is die steeds groeiende eise om praktiese opleiding in al hoe meer vaardighede nogtans problematies. Die vestiging van 'n afsonderlike praktiese opleiding in ons fakulteitsafdeling wat naas die teologiese graadopleiding funksioneer en waarvoor die tydsvoorsiening steeds moeiliker in harmonie met die akademiese jaar gebring kan word, skyn onafwendbaar af te stuur op 'n na-universitêre seminarie.

### 3.2 Kerklike deelname aan die teologiese opleiding

Kerklike deelname aan die teologiese opleiding is nie beperk tot toesig en fondsvoorsiening nie. Dit eindig ook nie by die betrokkenheid in akademiese kurrikulering nie. Kurrikulering met die oog op die funksie van die teologie in die kerk voer na die profielontwerp van die lidmaat van die kerk as die mens voor God en van die kerk self as die gemeenskap van mense voor God. Daar is dus 'n wisselwerking tussen die kerklike eksistensie en die teologiese opleiding, met die funksie van die teologie in die kerk vir die kerk as die deurslaggewende leidsprogram. Dit maak voortgesette teologiese opleiding noodsaaklik, en dit is 'n funksie wat dinamies uitgebou moet word, enersyds as voortgesette teologiese begeleiding van kerklike ampsdraers met die oog op die gespesialiseerde behoeftes van die kerklike bestaan en werk, andersyds as bygehoue beoefening van die teologie in wêreldwye konteks. Aan hierdie gesprek neem alle teoloë deel, nie alleen dié wat met die opleiding belas is nie. Op dié wyse moet verseker word dat die akademie in die kerk teenwoordig bly, met ander woorde dat teologie die denke en handelinge van kerklike liggame en ampsdraers bly bepaal.

### 3.3 Die universele konteks van kerk en teologie

Die universele konteks van kerk en teologie vereis 'n klimaat wat die ruimte bied vir die spontane belewing van die wêreldwye gemeenskap van gelowiges en vrye akademiese wisselwerking. Naas die hoë waarde van wedersydse besoeke en gaslesings, wat in die huidige universitêre opset sterk aangemoedig word, moet die bestaan van akademiese werkgemeenskappe en geleentheidsimposia aangewys word as van besondere belang. Wat meer aandag behoort te kry, is interdissiplinêre studie- en gespreksgroepe en ook teologiese gesprek met opleidingsentra wat buite universitêre verband opereer. Dit kan verwag word dat vanuit die nuwer universitêre beleid daar steeds meer aandrang sal kom vir nouer skakeling in opleiding tussen die twee fakulteitsafdelings aan die Universiteit van Pretoria. Hierby is baie betrokke: Die beweegredes vir die vestiging van die twee afdelings; die verskillende kerklike kulture; die delikate posisie ten opsigte van die twee ander fakulteite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ten opsigte van die opleidingsentra van susteren dogterkerke, ensovoorts.

Vrymoedige en indringende gesprek tussen die twee afdelings, met 'n oop agenda en met wedersydse vertroue, is die aangewese beginpunt. Hierdie gesprek is reeds in 'n mate op dreef, maar die tyd is ryp om dit te intensiveer en uit te brei, voordat eksterne omstandighede die verloop van sake volledig bepaal. Dat die kerklik gebonde fakulteite ook diens buite die kerk sal lewer, is vanselfsprekend binne die akademiese konteks, en behoort nou vinnig aandag te kry, veral ten opsigte van kurrikulering op 'n wyse wat wyer toeganklikheid kan verseker.

### 3.4 Modulering en ekstensie-onderrig

Modulering en ekstensie-onderrig kan moontlik veel bydra tot wyer dienslewering en so die kundigheid van fakulteite beskikbaar maak. Dit is veral noodsaaklik dat die volledige konteks van die potensiële student in ag geneem sal word. Die hoë koste van universitêre opleiding en die verskynsel van vroeër huwelike het dit lankal bewerk dat teologiese studente hulle aandag moet verdeel tussen selfonderhoud en studie, sodat die meeste in feite deeltydse studente is. Modulering kan dit moontlik maak dat 'n student sy kursus kan struktureer volgens sy behoefte of volgens sy kerk se voorskrif, en ekstensie-onderrig kan teologiese opleiding beskikbaar maak vir 'n groter deel van die algemene publiek. Die aspekte van die emotiewe en vaardigheid sal in so 'n geval besondere eise stel en waarskynlik aangevul moet word met spesifiek-kerklike opleiding.

### 3.5 Die universum van wetenskappe

Die hermeneutiese taak van die teologie lei na 'n gesprek met die filosofie en vra om 'n filosofie wat eksistensieel-relevant is. Interpretasie van die werklikheid is nie 'n saak wat net aan die menswetenskappe oorgelaat kan word nie. Die teologie hou rekening met 'n empiriese sowel as 'n geloofswerklikheid. Hy kan sy taak egter net sinvol uitvoer in deurlopende gesprek met die universum van wetenskappe, en in hierdie gesprek kan hy goeie hulp ontvang van die filosofie, mits die filosofie op sy beurt 'n toegeruste gespreksgenoot is.

### Literatuurverwysings


Bosch, D J 1992. The nature of theological education. *Theologia Evangelica* 25, 8-23.

Burgsmüller, A 1976. Berichte aus den Diskussionen, in Sauter, G & Ströhm, T (Hrsg), *Theologie als Beruf in unserer Gesellschaft. Theologische Existenz heute 189*, 83-84. München: Kaiser Verlag.

Daiber, K-F 1991. Theologiestudium und religiös-kirchlicher Wandel. *TZ* 47, 254-274.

*Exchange* 14, 1985. Theological teaching and training: Seminar under the auspices of the Evangelical Community for Apostolic Action, Rome, 7-12 September 1984.

Habermas, J 1988. Die Idee der Universität – Lernprozesse, in Eigen, M e a, *Die Idee der Universität*, 139-173. Berlin: Springer.

Lübbe, H 1988. Die Universität in Geltungswandel der Wissenschaft, in Eigen, M et al, *Die Idee der Universität*, 113-138. Berlin: Springer.

Marty, M 1984. Paradigma im Übergang von der Moderne zur Postmoderne, in Küng, H & Tracy, D, *Theologie – Wohin?*, 1-27. Gütersloh: Mohn.

Meuleman, G E 1991. Theologie aan de universoteit. *Gereformeerd Teologische Tijdschrift*, 1-27.

NASOP 87/10, 1987. Akademiese standaarde by universiteite in die RSA. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

Philipse, H 1984. Theologie: Een wetenschap? *NTT* 38, 45-66.

Pobee, J S 1989. Comments on the future of theological education in Africa. *Scriptura* 28, 1-23.

Rautenbach, C H 1975. 'n Eietydse nasionale kultuurprestasie (Seteling van die teologie-beoefening, Universiteit van Pretoria 1916-1974), in *Almanak en Bybelse dagboek: Nederduitsch Hervormde Kerk* 69, 12-24 en in *Versamelde Werke*, 475-487.

Rossouw, H W 1990. Teologiese Onderwys ná 130 jaar: 'n Toekomsperspektief. *NGTT* 31, 63-71.

Ritschl, D 1981. Theologie in den Neuen Welten: Analysen und Bericht aus Amerika und Australasien. *Theologische Existenz heute* 209. München: Kaiser.

Sauter, G 1970. Vor einem neuen Methodenstreit in der Theologie? *Theologische Existenz heute* 164. München: Kaiser.

— Theologie als Beruf, in Sauter, G & Ströhm, T (Hrsg), *Theologie als Beruf in unserer Gesellschaft*, 11-37. München: Kaiser.

Schulze, L F 1990. Wetenskapsteorie in die teologie. *In die Skriflig* 24, 315-331.

Stavenga, G J 1989. Theologie als Wetenschap. *Kerk en Teologie* 40, 268-279.

Strickland, W G 1989. Seminary education: A philosophical paradigm shift in process. *JETS* 32, 227-235.

Ströhm, T 1976. Theologie und Kirche in der Begegnung mit den Humanwissenschaften – Aspekte theologischer Existenz im Zeichen der Verwissenschaftlichung der Welt, in Sauter & Ströhm, *Theologie als Beruf in unserer Gesellschaft*, 38-78. München: Kaiser.